Rooi tapyt vir Bob? Nee, gee rooi kaart – AfriForum

Die burgerregte-organisasie AfriForum het die regering en die plaaslike reëlingskomitee van WB 2010 versoek om nie toe te laat dat pres. Robert Mugabe van Zimbabwe Sondag die WB 2010-eindstryd in Johannesburg bywoon nie.

Mugabe is een van 14 staatshoofde wat reeds bevestig het hulle sal by die eindstryd in Soccer City, Johannesburg, wees.

Mnr. Kallie Kriel, uitvoerende hoof van AfriForum, het in 'n verklaring gesê "dit is bitter ironies dat die Suid-Afrikaanse regering en Fifa die rooi tapyt vir Mugabe wil uitrol by die eindstryd, terwyl Mugabe vanweë sy voortgesette menseregtevergrype in Zimbabwe eerder 'n rooi kaart verdien".

Die regering se besluit om Mugabe te ontvang, laat volgens Kriel veral 'n "wrang smaak in die mond weens die feit dat Suid-Afrikaners wat in Zimbabwe boer tans onder 'n verskerpte aanslag van die Mugabe-regime deurloop".

Ander Afrika-staatshoofde wat kom, is koning Letsie van Lesotho, koning Mswati van Swaziland en pres. Mwai Kibaki van Kenia en pres. Armando Guebuza van Mosambiek.

Mnr. Saul Molobi, woordvoerder van die departement van internasionale betrekkinge en samewerking, het gister volgens **Sapa** gesê pres. El Hadj Omar Bongo van Gaboen en pres. Ahmed Abdallah Mohamed Sambi van die Comore sal ook daar wees.

Verskeie oudpresidente, premiers en ministers sal ook na verwagting die eindstryd bywoon.

– Politieke Redaksie